

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD**Sondag 11 Maart 2012**

Oggendiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 47:1 & 4	Bl.240	Psalm 146:1, 4 & 5	Bl.701
2.	Psalm 25:2	Bl.115	Psalm 38:1, 2 & 17	Bl.189
3.	Skrifberyming 3-4:1, 2, 3, 4		Psalm 32:1	Bl. 151
4.	Psalm 34:1 & 6	Bl.166		

BYBELSTUDIEGROEPE**SONDAG 11 Maart 2012**

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.


WOENSDAG 14 Maart 2012

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- 1800-19:00 in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

BEVESTIGING IN AMP

Die volgende broeders en suster is verlede Sondagaand in die amp as diakens bevestig:— sr. *Rina van der Berg*, br. *Stefan van der Westhuizen* en br. *Sarel Jansen van Vuuren*.

Van harte geluk met julle bevestiging as diakens in die gemeente. Mag die Here aan julle die nodige gawes en ywer skenk om getrou julle roeping as diakens na te kom.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrieff van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 11 Maart 2012

Nommer 7

**DIE NODIGE EWEWIG IN DIE LEWE**

Dis ewe moontlik om die *toekoms* te verloor deur die *hede* te ignoreer, as wat dit moontlik is om die *toekoms* te verloor met verkeerde pogings om die hede te red. Jy kan beide *hede* en *toekoms* steriel maak deur fanaties vas te hou aan die *verlede*.

Daar is twee lewenshoudings wat “*verkeerde pogings*” is, om die noodsaaklike ewewig aan die lewe te verleen.

- Aan die eenkant is dit **hopelose pessimisme**.
- Aan die anderkant is dit **grenslose optimisme**.

Daar is 'n goeie rede waarom hierdie twee lewensopsies tot skeeftrekking lei: *hopelose pessimisme* is 'n lewensvlug van die een loopgraaf na die volgende, terwyl *grenslose optimisme* die lewenshouding is waar die mens sy vestings verlaat om die vyand ongewapen op die oop veld aan te durf met 'n beroep op God se wil.

- Die gelowige mag nooit in die steeds veranderende wêreld, sy tydsgewrig as *akuut* diagnoseer nie. Dit maak jou vreesbevange en kragteloos vanweë die dreigende onsekere toekoms.
- Die gelowige moet egter altyd die aktualiteit van persoonlike weerbaarheid besef en dit in sy lewe uitbou tot 'n oorwinningsprogram met die middels wat God gee.

Dit lei tot nugterheid en krag en balans, ewewig. Gelowiges wat só die nodige ewewig besit sal 'n *positief-aanvallende lewenstyl* beheers en sal weet om tussen die geeste te onderskei (Rom. 12:1-2, 1 Tim. 4:1-5). Weerbaarheid bestaan net daar waar jy uit 'n onverdeelde geloof, radikaal, Skrifmatig lewe. Sonder die Bybel is jou lewe 'n weg wat dwalend na nêrens lei nie, 'n geslenter sonder koers, 'n rondrentel om die tyd om te kry. Dit bring frustrasies, wanhoop, twyfel, angs.

Dr Nico van der Merwe





Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **LESSE IN GELOOF (1)**

Lees: Markus 5:21-43

Teks: Markus 5:34 & 36

Dit is moontlik om jou hele lewe in die kerk te wees sonder om te besef dat jy nie werklik glo nie.

Of anders gesê, dit is moontlik om naby Jesus te wees en tog nie by Hom rondom Hom en nie in Hom nie.



Aanddiens Tema: **GOD STRAF DIE SONDE MAAR NIE SONDER GENADE NIE**

Lees: Nahum 1:1-8

Teks: Nahum 1:2

Heidelbergse Kategismus Sondag 4

Baie Christene sien die Here net as 'n God van liefde wat vir sy kinders sorg en net goeie dinge met hulle laat gebeur. 'n God wat die sonde vergewe het, 'n God wat verstaan wanneer ons verkeerd doen en dit nie teen ons hou nie.

'n Tweede, kleiner groep sien die Here weer as 'n God van wraak. Hulle is dag en nag besig om die oordeel van die Here oor die sonde aan te kondig en te preek oor die verskrikking van die hel.

Ons belydenis maak dit egter baie duidelik dat die twee aspekte van die Here nie geskei kan word nie. God is regverdig en daarom moet Hy die sonde straf.



MISVERSTAND OOR BEKERING

Ek is seker dat jy in jou lewe al te doen gekry het met misverstand.

- 'n Misverstand is wanneer twee mense mekaar oor 'n sekere saak verkeerd verstaan. Die een bedoel die saak so en die ander verstaan dit andersom. Die lewe is vol misverstande wat in baie gevalle groot probleme veroorsaak.
- Maar wanneer die Woord van God verkeerd verstaan word, is dit 'n ramp!! God is alwys en kan dus nie iets misverstaan nie. God is die bron van alle kennis en van die waarheid. Dit is egter die sondige mens wat God se woorde *verkeerd verstaan* – soms onbewus en soms bewustelik uit hardkoppigheid.

Bekering is 'n saak wat heel dikwels en moedswillig verkeerd verstaan word. Na regte moet ons eintlik praat van omkering. Dit is om om te draai op die pad hel toe en terug te keer na God toe.

Die groot misverstand ten opsigte van bekering lê daarin dat mense bekering aanprys, selfs daarop trots is of selfs boekhou van persoonlike bekeerlinge wat jy kwansuis na die regte pad laat terugkeer het. Om bekeerlinge te werf word vir party mense soos om polisse te verkoop. Jy ontvang 'n sertifikaat van die "siele wat jy vir Jesus gewerf het". Op tiener- en jeugkampe het die saak al só hande uitgeruk dat tieners in 'n vreeslike geestestoestand van twyfel by die huis aankom na die kamp. Hierdie benadering is uiters oppervlakkig. Só asof God bekeerlinge nodig het; nie sonder hulle kan klaarkom nie.

Bekering is 'n Godswonder. Dit is genade dat God één bekeerling aanvaar. Onthou 'n bekeerling is iemand wat 'n misdaad erken. So 'n ernstige misdaad dat dit nie net met die dood nie, maar met die hel strafbaar is. 'n Bekeerling het niks om op trots te wees nie. Wat God in die Bybel leer is dat 'n mens nie bang moet wees om tot bekering te kom nie. Jy hoef nie voltyds van God weg te hardloop nie. By God kan jy met die hele sak patats vorendag kom en jou sonde bely en berou toon daarvoor. God belowe dat Hy elkeen wat so in opregtheid na Hom toe kom in sondebelydenis nie sal wegjaag nie, maar aan hom genade sal bewys en amnestie aan hom verleen. Mense is wraakgierig en bloeddorstig. Mense sal so 'n persoon liever verder skop en verwerp. Maar nie God nie. Hy bewys genade.

Ek hoop jy het die misverstand in verband met die saak van bekering goed raakgesien. Bekering is nie 'n *heldedaad* nie. Bekering is nie 'n *toegangsbewys* tot God se koninkryk soos 'n rugby- of 'n fliokkaartjie nie. Daar is net so min meriete in bekering as in 'n skulderkenning by die aanklagkantoor. Bekering kan jy nie met lof slaag of met 'n onderskeiding

deurkom nie. Bekering vra van jou om soos 'n tollenaar te wees met 'n verslae hart en 'n huiwering om God om genade te smee.

Dr. Nico van der Merwe

6. SIMBAAL 11 Maart 2012

AGTERDOG WEK IS SATANSWERK

Dit is nie moeilik om agterdog teen iemand te wek nie. Wat is *agterdog* we? Dit is om wantroue in iemand te laat ontstaan. Jy versprei dus die vermoede dat 'n sekere persoon vals of sleg is. So iets kan baie maklik gebeur want as mense praat ons nie net **met** mekaar nie, maar ons praat ook **van** en **oor** mekaar. Vir die Here is dit belangrik **wat jy van jou vriende en jou medemense sê**. Ja, God luister na jou woorde en jou geselskap want God die Heilige Gees woon in jou hart en Hy is 'n Getuie van wat jy oor iemand en van iemand te sê het. Jy kan baie maklik van iemand anders *skinder, slegpraat, kwaadpraat, valslik kritiseer*. Dis verkeerd! Maar wees veral versigtig om teen iemand **agterdog** te wek. Ons kan ook praat van **verdagmakery**.

Dit is baie maklik om iemand se optrede en bedoelinge met 'n paar woorde *verdag* of *twyfelagtig* of *agterdogtig* te laat voorkom. Die moderne lewe is vol hiervan. Hoeveel mense het jy die afgelope week gehoor wat 'n ander persoon se optrede of persoonlikheid teenoor jou verdag gemaak het? *Verdagmaak* is om iemand se optrede of persoonlikheid *agterdogtig* voor te stel, asof die persoon net kwaad bedoel, net leed wil aandoen en net van plan is om jou en ander te na te kom.

Agterdog wek of verdagmaking is Satanswerk!

- **Satan** het God verdag gemaak by Eva [Gen. 3:1,4,5].
- **Satan** het Job verdag gemaak by God [Job 1 & 2].
- Die Jode het Jesus verdag gemaak by die Romeinse owerheid [Matt 27].

Verdagmaking of agterdog saai is om *leuens* van 'n ander persoon te vertel asof dit die waarheid is. En dit is satanswerk!! Want die Satan is vader van die leuen [Joh. 8:44]. Wie 'n ander persoon verdagmaak speel in die hande van die Satan. Die "storie" die "feite" van die verdagmakers berus *nooit* op die waarheid nie!! Die kern van verdagmakery is altyd leuens. Dit is meestal hoorsê!

- Mense wat ander mense wil verdagmaak wil daarmee 'n sekere *stemming* wek wat hulle eie twyfelagtige standpunte moet ondersteun.
- Mense wat ander mense verdagmaak het met die wegspring al nie 'n goeie saak nie, want hulle saak kan nie op 'n goeie, openlike, eerlike manier bevorder word nie.
- Sodra verdagmakery, knoeiery, onderduimsheid, agterbaksheid, skelmstreke, vuilspel nodig is om jou saak te propageer, *het jy geen eerlike saak nie*.

Elke eerlike en opregte standpunt kan met eerlikheid volgens die reëls floreer solank dit die waarheid dien en daarop gemik is om die Naam van die Here tot eer te strek. Wees dus waaksaam hoe jy van en oor ander mense praat. Jy moet opbou

in dit wat jy sê en nie afbreek nie! Jy moet in jou woorde God en jou naaste dien en nie Satan nie.

Dr. Nico van der Merwe

SIMBAAL 11 Maart 2012

3.

VERKIESING VAN AMPSDRAERS

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente as nuwe kerkraadslede voorgelê: As **diaken** br Janneman Botha en br Hannes Uys as **ouderling**. Indien hulle die roeping opvolg en daar geen besware teen hulle ingebring word nie, sal hulle DV binnekort bevestig word. U voorbidding word gevra vir hierdie lidmate met die oorweging van die roeping as ouderling en diakens.


BEROEPE - GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG: Ds. JA Berg van Vaalwater na Vryheid

- Ds. TF Dreyer van Randburg na Boksburg-Suid.

BEROEPE BEDANK

- Ds. CJ Nagel [jr.] van Nylstroom na Pietersburg-Suid.
- **Proponent Lohan Linde** is deur Klassis Krokodilrivier 6 Maart 2012, beroepbaar stel.
- **Ds. ASL (Fanie) Minnaar**, emerituspredikant van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid is Sondagaand (11 Maart 2012) in die Unitas Hospitaal in Centurion oorlede.



OUERS MET BABAS EN KLEUTERS KOM BYMEKAAR

Ds. André en sr. Isabel de Jager nooi al die ouers met klein kindertjies uit om **Vrydag 17 Maart 2012** tussen **17:30** en **19:00** by die **Pastorie** bymekaar te kom. Die doel is om mekaar te leer ken sodat ons mekaar kan ondersteun en van mekaar kan leer. Bring 'n versnaperingstjie as jy kan, maar in elk geval KOM. Ons sal sorg vir iets om te drink. Ons sien baie daarna uit om julle hier te ontvang.

VRYWILLIGERS BENODIG

- As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asseblief aan by ds. André de Jager.

- As u graag met kinders werk, is u welkom om Hanlie Mocke of Martie Venter te skakel. Daar is dringend hulp nodig om die jonger kinders in Huis 3, Rethabile Kinderhuis te help met lees.



4

SIMBAAL 11 Maart 2012

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
11 Maart	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds
18 Maart	Barmhartigheid	Trans Oranje Instituut



GEMEENTEPGRAM

Sondag 11 Maart tot Saterdag 17 Maart 2012

Sondag 11 Maart	Oggenddiens	09:30
Sondag 11 Maart	Katkisasie	10:30
Sondag 11 Maart	Jeugdiens	18:00
Sondag 11 Maart	Bybelstudie in konsistorie	19:00
Woensdag 14 Maart	Bybelstudie in konsistorie	10:00



TEESKINKBEURTE

Sondag 11 Maart 2012	Wyke 06 & 07
Sondag 18 Maart 2012	Wyke 08 & 09
Sondag 25 Maart 2012	Wyke 10 & 11




VERJAARDAE

11 Maart 2012 tot 17 Maart 2012

12 Mrt.	Christine Gainsford	Wyk 03	083-231-4404
13 Mrt.	Mary Nel	Wyk 20	018-468-7630
14 Mrt.	Koos van den Berg	Wyk 20	079-605-5080
15 Mrt.	Elsje van Rooyen	Wyk 27	018-468-6061
17 Mrt.	Adriaan de Jager	Wyk 08	018-468-6877
17 Mrt	Danike Lemmer	Wyk 01	082-505-5565
17 Mrt	Marco van Antwerp	Wyk 17	082-467-4907

Dit is 'n voorreg vir die gemeente om elkeen wat hierdie week verjaar hartlik geluk te wens. Seën en voorspoed van God word julle toegebied.



- ❖ *Vroomheid sonder bysmaak is alleen vir jou moontlik, wanneer "Gods genade" vir jou genoeg geword het.*
- ❖ *God seën die werk van die eerlike arbeider, maar God doen nie die werk vir hom nie.*

SIMBAAL 11 Maart 2012

5.

LIEF EN LEED



LIEF EN LEED

- Baie hartlik geluk aan dr. Nico en sr. Tersia van der Merwe met die geboorte van hul kleinseun, Michael Myburgh, in Pretoria. Mag hy nog vir julle baie vreugde bring!
- Ons dink aan Cobus en Annalize Booysen, nadat 'n oom van Annalize, oom Hardie Visagie van Benoni, die afgelope week na 'n beroerte-aanval oorlede is. Ons bid hulle die vertroosting van die Here toe.



OPVOLG-AKSIE - ONTDEK JOU GAWES-KURSUS

'n Aantal lidmate wat verlede jaar die Ontdek Jou Gawes-kursus bygewoon het, het verlede Vrydagaand weer bymekaar gekom. O.l.v. ds. André de Jager is lewendige bespreking gevoer oor wat ons onder "kerk-wees" verstaan. Lidmate is aangemoedig om hul gawes tot opbou van die gemeente en die Koninkryk van God te gebruik. Ds. De Jager het homself beskikbaar gestel vir toerusting op aanvraag. 'n Verdere geleentheid word in April in die vooruitsig gestel.



Spesiale kollekte vir die GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansiëel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

VISITASIE

Op Dinsdag 13 Maart 2012 ontvang ons gemeente visitasie deur Dr. Hennie van Wyk en ds. Gert Erasmus. Indien daar enige iemand is wat die

visitatore wil sien, is u baie welkom om dit aan my of u ouderling deur te gee, of om enige van die visitatore direk te skakel.



- Haat vergiftig die hater meer as die gehate.
- *Deur jou seëninge te tel, sal jy nie tyd oorhê om ander se gebreke te tel nie.*
- 'n Mens kan tegelyk hoog staan in die kerk en laag in die godsdiens.